## KONTEKSTUELE VRAE

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Wat is in die koevert wat Lien in die Engels-klas ontvang?<br>________________________________________ | (1) |
| 2. | Waarna verwys die titel in hierdie hoofstuk?<br>________________________________________ | (1) |
| 3. | Hoe probeer Hein vir Lien help?<br>________________________________________ | (1) |
| 4. | Bespreek die ironie in die volgende stelling: " *Tibbey is álmal se pel.*"<br>________________________________________<br>________________________________________ | (2) |
| 5. | Watter soort verhouding het Lien met haar pa gehad, volgens die videogrepe?<br>________________________________________ | (1) |
| 6. | Haal **EEN** sin aan wat bewys dat suster Vermeulen onverantwoordelik optree.<br>________________________________________ | (1) |
| 7. | Verduidelik Tibbey se gemoedstoestand.<br>________________________________________ | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 8. | Wat impliseer die stelling: "*Die president gaan self betaal?*"<br>______________________________ | (1) |
| 9. | Lien was oortuig daarvan dat die rolbalklub Tibbey sy kamer sal teruggee. Verduidelik waarom hierdie stelling ONWAAR is.<br>______________________________<br>______________________________ | (1) |
| 10. | Kies die korrekte woord tussen hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.<br>Lien wonder of sy haar (**ma / vriend Tibbey**) in die kliniek moet gaan besoek.<br>______________________________ | (1) |
| | | **[11]** |

# HOOFSTUK 34: SHOPPING IS NIE VIR SISSIES NIE

- Wouter kry sy rybewys en nooi vir Lien na die Wimpy om dit te vier.
- Sy voel skuldig aangesien sy Wouter die laaste tyd afgeskeep het.
- Dit voel asof hulle baie lank gelede daar gesit en gesels het oor die matriekafskeid.
- Lien besef hoe dinge verander het en sy kyk nou met ander oë na die wêreld.
- Lien geniet Wouter se geselskap, maar dit irriteer haar dat hy so baie na Riekie verwys. Lien en Wouter is slegs vriende; dus behoort sy nie jaloers te voel nie.
- Sy vra vir Wouter om 'n Bloubul-pet, 'n Bloubul-vlag en 'n skeidsregterfluitjie by die Loftus winkel te koop.
- Wouter is verbaas en wil weet sedert wanneer sy 'n Bloubul-ondersteuner geraak het. Sy sê dis 'n geskenk vir 'n kollega.
- Wouter gooi haar speels met 'n suikersakkie en noem haar 'n "*dark horse.*"
- Sy moet wikkel om die bus te haal en sy besef hoe waardevol haar vriendskap met Wouter is en wonder wat sy die afgelope twee jaar daarsonder sou gedoen het.
- Lien hoor Donavan se stem agter haar in die parkeerterrein en sy wil eers maak asof sy nie hoor nie, maar hy is al by haar en noem haar "Engel". Sy wil die horries kry.
- Hy het 'n klomp inkopiesakke in albei sy hande en is papnat gesweet. *Shopping* is nie vir *sissies* nie, weet Lien.
- Hy is oorvriendelik en bied haar weer 'n werk by die haarsalon aan, aangesien Sue-Ellen net




**WOORDESKAT**

- **rybewys**
- **vier**
- **skuldig**
- **afgeskeep**
- **matriek-afskeid**
- **verander**
- **geselskap**
- **irriteer**
- **verwys**
- **jaloers**
- **bloubul-pet**
- **skeidsregter-fluitjie**
- **verbaas**
- **ondersteuner**
- **geskenk**
- **suikersakkie**
- **wikkel**
- **bus te haal**
- **waardevol**
- **afgelope**
- **daarsonder**
- **parkeer-terrein**

in die oggend werk. Lien wys dit van die hand en sê sy het al 'n werk.

- Lien vra vir Roos wat van haar man geword het. Na 'n lang stilte vertel sy dat haar man op 'n plaas in Tzaneen gewerk het, maar toe geld gesteel het en gevolglik het die boer hom weggejaag. Hy is toe met 'n jong, los meisie, "*'n flossie*", van die koöperasie weg.
- Roos en haar dogter, wat toe in matriek was, het toe Pretoria toe gekom sonder werk of geld.
- Die dogter het toe by 'n versekeringsmaatskappy werk gekry, maar met 'n slegte man deurmekaar geraak en nou sit sy met drie kinders en geen man nie. Sy werk nou by 'n *agency* (gesellinklub) om 'n bestaan te maak.
- Op pad bushalte toe dink Lien aan Roos se lewensverhaal en hulle eie lewens wat skeefgeloop het.
- Sy dink ook weer aan Donnovan se aanbod.
- Voor die drankwinkel op die hoek sien sy Johnny op die stoep. Hy roep haar en sê hy wil iets bydra tot Tibbey se karretjie.
- Hy gee haar hande vol munte, vyfsente, tiensente, twintigsente en hier en daar 'n blinke.
- Sy gooi dit in haar rooi sak en toe sy dit die aand tel, besef sy Johnny het R102.49 gegee waarmee hy andersins drank sou gekoop het. Dit herinner ons aan Roos se woorde: "Wie sal kan sê van goed en wie sal kan sê van sleg?"
- Dirkie neem Lien elke aand hospitaal toe. Tibbey het begin praat "*Haai Lien, bye Lien, yes Lien, no Lien,*" maar is nog terneergedruk.
- Sy vertel hom van die reëling met die rolbalklub, maar hy reageer nie daarop nie.
- Die dokter sê hy kan aan die einde van die week huis toe gaan.
- Lien en Hein is by die rolbalklub om na Tibbey se kamer te kyk. Meneer van Biljon is vriendeliker as gewoonlik.
- Lien is bekommerd oor die trappe, maar Hein stel voor dat hulle 'n "*ramp*"/'n oprit bou. Hy meen sy pa sal kan help.
- In die kamer is daar 'n bed en 'n lendelam spieëltafel. Hein stel voor dat hulle die pote van die bed en kassie afsaag en 'n kassie met twee trappe voor die toilet sit sodat Tibbey makliker oor die weg kan kom.
- Lien waardeer Hein se hulp en sy belowe om eendag met hom reg te maak.

**Woordeskat:**

- **inkopiesakke**
- **oorvriendelik**
- **haarsalon**
- **gesteel**
- **weggejaag**
- **koöperasie**
- **versekerings-maatskappy**
- **deurmekaar geraak**
- **gesellinklub**
- **bestaan te maak**
- **lewens**
- **aanbod**
- **bydra**
- **drank**
- **terneergedruk**
- **reëlings**
- **reageer**
- **bekommerd**
- **trappe**
- **oprit**
- **lendelam**
- **spieëltafel**
- **stel voor**
- **afsaag**
- **makliker**
- **oor die weg**
- **waardeer**
- **belowe**

## *CHAPTER 34: SHOPPING IS NOT FOR THE FAINT OF HEART*

- *Wouter has his driver's license and he invites Lien to the Wimpy to celebrate.*
- *She feels guilty as she has neglected Wouter of late. It seems ages since they sat and chatted about the matric farewell.*
- *Lien realises how things have changed. She's looking at the world through different*

eyes now.

- She enjoys Wouter's company, but is irritated that he keeps talking about Riekie. As Lien and Wouter are friends only, why does she feel so jealous?
- She asks Wouter to buy a Blue Bull cap, a Blue Bull flag and a referee's whistle at the Loftus Versveld shop.
- Wouter is surprised at the request and asks her when she became a Blue Bull fan. She says that they're presents for a colleague of hers.
- Wouter playfully throws a sugar sachet at her and calls her a dark horse.
- As Lien leaves to catch a bus, she realises just how precious her friendship with Wouter is. She wonders what she would have done in the past two years without him.
- Lien hears Donovan's voice in the car park. She ignores it but he catches up with her, calling her 'Angel'. It gives her the creeps.
- He's carrying shopping bags in both hands and is perspiring heavily. Lien knows that shopping is not for sissies.
- He is over-friendly and offers her a job at the hair salon, as Sue-Ellen works only in the mornings. Lien declines, saying that she already has a job.
- Lien asks Roos about her husband. After some hesitation, Roos tells her that her husband once worked on a farm in Tzaneen, but that he stole money, and the farmer chased him off the farm. He left with a loose woman, a 'floozie' from the co-operative.
- Roos and her daughter then moved to Pretoria. Her daughter was in matric, but Roos had no money and no job to support the two of them.
- Her daughter found a job with an insurance company, but she got involved with a ne'er-do-well, and now she's alone with three children and no husband. She works at an escourt agency in order to make a living.
- On the way to the bus stop Lien thinks about Roos's life story, and about her own family's lives that also went so wrong.
- She thinks of Donovan's offer.
- Johnny stands on the veranda in front of the bottle store. He calls her over, saying that he wants to make a contribution towards Tibbeys cart.
- He gives her handfuls of coins; five, ten, and twenty cent pieces, and here and there a shiny coin.
- Lien tosses it all into her red bag. That night she counts the money. Johnny has contributed R102.49. Money with which he would normally buy alcohol. It reminds us of Roos's words: 'Who can tell what's good or bad?'
- Every evening Dirkie takes Lien to the hospital. Tibbey has started to talk, saying 'Hi Lien, bye Lien, yes Lien, no Lien', but he is still depressed.
- She informs him of the arrangement with the bowling club, but he doesn't react to the information.
- The doctor says Tibbey will be discharged at the end of the week.
- Lien and Hein are at the bowling club to look at Tibbey's room. Mister Van Biljon is

friendlier than usual

- Lien is concerned about the steps and Hein suggests that they build a ramp. He reckons his dad will be able to help them.
- In the room there is a bed and a battered old dressing table. Hein suggests that they cut the legs off the bed and the wardrobe, and put a pedestal with two steps in front of the toilet in order to assist Tibbey.
- Lien appreciates Hein's assistance and promises to make it up to him one day.



## KONTEKSTUELE VRAE

1. Bespreek die titel van hierdie hoofstuk. (2)

2. Wat vier Wouter en Lien by die Wimpy? (1)

3. Watter gevoelens ervaar Lien in die Wimpy? (1)

4. Noem **DRIE** dinge wat Wouter vir Lien by Loftus moet koop. (3)

5. *"Lien Jooste, jy is 'n dark horse."*
Bespreek die konnotatiewe betekenis van bogenoemde stelling. (1)

6. Kies elke keer 'n karakter uit KOLOM B wat die woorde in KOLOM A gesê het. Skryf net die vraagnommer (6.1-6.5) en die letter (A-E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.1 | "'n Ramp of so iets" | A. | Donnovan |
| 6.2 | "Wanneer het jy 'n Bloubul-fan geword?" | B | Johnny |
| 6.3 | "Engel wag vir my" | C | Hein |
| 6.4 | "Dit was...dit was só lekker" | D | Roos |
| 6.5 | "Jy collect mos vir Tibbey | E | Wouter |

(5)

7. **Verduidelik hoekom Roos se woorde: "*Kan jy vir Johnny 'n pennie van sy dopgeld vir iemand anders sien gee?*" ironies is.**

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| 8. | Wat het in Roos se lewe skeefgeloop dat Roos nou moet bedel om te oorleef? | (2) |
| 9. | Noem **TWEE** veranderinge wat Hein voorstel vir Tibbey se woonplek. | (2) |
| 10. | Hoe verskil meneer Van Biljon se gedrag in hierdie hoofstuk teenoor Lien? | (2) |
| | | (1) |
| | | **[20]** |



## HOOFSTUK 35: WERK DINGE IN LONDON OOK SO?

- Die karretjie lyk eienaardig en is 'n aaklige blou kleur geverf.
- Hein het die karretjie met sy pa se bakkie hospitaal toe gebring.
- Lien sien dit ook vir die eerste keer en sê dit lyk fantasties.
- Hein gaan sit in die karretjie en demonstreer aan Tibbey hoe die trappe en die rem en die ratte werk.
- Lien is teleurgesteld as Tibbey ongeskik vra "*What must I do with this thing?*" (Wat moet ek met die ding doen?)
- Lien verduidelik dat Hein dit vir hom gemaak het sodat hy nog kan werk.
- Sy sê hy sal van die rolbaanklub na *Entertainment Corner* kan ry en sy toets die karretjie self uit en is opgewonde dat dit so goed werk.
- Lien en Hein help die protesterende Tibbey om in die karretjie in te kom. Hein verduidelik geduldig hoe alles werk.
- Tibbey ry eers versigtig uit die hospitaalsaal en toe "laat waai hy" die gang af.
- Volgens Hein is die enigste nadeel van die karretjie dat dit nie kan opvou om in 'n kar te pas nie.
- Tibbey sit tussen Hein en Lien in die Venter Construction-bakkie en hulle ry in stilte na sy blyplek by die rolbalklub.
- Tibbey is verbaas om die oprit na sy kamer te sien.
- Hein verduidelik die stellasie om hom te help om bo op die toilet te kom. Tibbey kyk woordeloos na die lae bed en die kas met die afgesaagde pote. Hulle sit hom op die bed neer.
- .Lien sê daar is kos in die kas en dat sy hom die volgende oggend vir werk sal kom haal.
- Sy sit sy pille op die bedkassie langs sy Bloubul-vlag en Bloubul-pet wat Wouter vir hom gekoop het. Lien gaan haal water by die buitekraan en sê Tibbey moet sy pille drink en rus.

**WOORDESKAT**

- karretjie
- eienaardig
- geverf
- demonstreer
- trappe
- rem
- ratte
- verduidelik
- toets
- opgewonde
- protes-terende
- geduldig
- versigtig
- laat waai hy
- nadeel
- opvou
- pas
- blyplek
- verbaas
- oprit
- stellasie
- woordeloos

- Wanneer hulle Tibbey agterlaat, bekommer Lien haar oor hom en wonder hoe hy sal regkom. Hein is positief dat hy sal leer.
- Een middag sit Lien in 'n vreemde bus in 'n vreemde buurt op pad na die kliniek om vir haar ma te gaan kuier.
- Sy dink aan Tibbey en aan die krisisse wat hulle as gesin deurgemaak het. Soms voel dit vir haar asof sy iemand anders is.
- Sy klim by die straathoek 'n paar blokke duskant die kliniek af. Terwyl sy kliniek toe stap, sien sy die rustige woonbuurt waar gewone mense woon en gewone lewens lei.



- Sy wonder of die lewe in London ook so sal wees. Sy sien die baksteenmuur van die kliniek en raak benoud.
- Sy staan by die hek met haar vinger op die interkomknoppie, maar sy druk nie die knoppie nie.
- Sy draai om en loop terug na die bushalte toe.

- afgesaagde
- pote
- pille
- bedkassie
- agterlaat
- bekommer
- regkom
- vreemde
- buurt
- krisisse
- gewone
- lewens
- benoud
- interkom-knoppie

## *CHAPTER 35: IS LIFE LIKE THIS IN LONDON?*

- *The homemade cart looks really weird, and is painted a horrible blue.*
- *Hein brings it to hospital in his father's bakkie.*
- *Lien sees the homemade cart for the first time and says she thinks it's fantastic.*
- *Hein gets into it and shows Tibbey how the brakes and the gears work.*
- *Lien is disappointed when Tibbey rudely asks 'What must I do with this thing?' Lien explains that Hein has made it for him so that he can get to work.*
- *She says he will be able to drive from the bowling club to entertainment corner. Lien test drives the little homemade cart and is excited that it works so well.*
- *Lien and Hein help the protesting Tibbey into it. Hein patiently explains to Tibbey how it works.*
- *Tibbey drives carefully out of the hospital ward, and then suddenly races down the passage.*
- *According to Hein the only disadvantage is that the car cannot be folded up like a wheelchair to fit into a car.*
- *Tibbey sits between Hein and Lien in the Venter Construction bakkie. They drive in silence to his room at the bowling club.*
- *Tibbey is surprised to see the ramp to his room.*
- *Hein explains how the pedestal will help him to reach the toilet. Tibbey stares wordlessly at his low bed and the legless wardrobe .They help him onto the bed.*
- *Lien tells him that there is food in the cupboard, and that she will fetch him for work*

*the next morning.*

- *She puts his medicine on the bedside table next to the Blue Bull flag and Blue Bull cap that Wouter bought. Lien fetches water from the outside tap and says Tibbey should now take his tablets and rest.*
- *When they leave, Lien is worried, wondering how Tibbey will manage. Hein is positive that he will learn to cope.*
- *One afternoon Lien finds herself sitting in an unfamiliar bus in an unfamiliar neighbourhood on the way to the clinic to visit her mom.*
- *She thinks of Tibbey and all the crises her family have been through. Sometimes she feels as though she's a stranger to herself.*
- *Lien gets off the bus at a street corner a few blocks away from the clinic. Whilst walking to the clinic, she notices that it's a peaceful, quiet neighbourhood. Here, ordinary people live ordinary lives.*
- *She wonders whether life is the same in London. As she gets to the brick wall of the clinic she becomes anxious. She stands at the gate with her finger on the intercom button, but she doesn't press it.*
- *Lien turns around and walks back to the bus stop.*



## KONTEKSTUELE VRAE

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Bespreek die titel van hierdie hoofstuk. | (2) |
| 2. | Watter kleur is Tibbey se karretjie geverf? | (1) |
| 3. | Verduidelik die stelling: "*Die karretjie lyk weird.*" | (2) |
| 4. | Haal **EEN** sin aan wat 'n mens laat dink dat Tibbey ondankbaar is. | (1) |
| 5. | Hoe dink jy, voel Hein oor die karretjie? | (1) |

6\. Kies elke keer 'n naam uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.1-6.5) en die letter (A-E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.1 ... het die karretjie gebou. | A. Mnr. Van Biljon |
| 6.2 ... het die Bloubulaandenkinge gekoop. | B. Johnny |
| 6.3 ... se bakkie is gebruik om die karretjie af te lewer. | C. Hein |
| 6.4 ... het die verblyf goedgekeur. | D. Mnr. Venter |
| 6.5 ... het geld bygedra tot die karretjie. | E. Wouter |

(5)

7\. Noem **TWEE** veranderinge wat in Tibbey se kamer aangebring is.

___

___ (2)

8\. Watter emosies ervaar Lien in die bus op pad na die kliniek?

___

___ (2)

9\. Lien druk nie die knoppie by die kliniekhek nie. Het jy simpatie met Lien? Gee 'n rede.

___ (1)

10\. Was dit 'n goeie besluit om 'n alomteenwoordige verteller in hierdie verhaal te gebruik? Gee 'n rede vir jou antwoord.

___

___ (1)

[18]



## HOOFSTUK 36: COOL, SOU ÉK SÊ, ACTUALLY

- Saterdagoggend sit Tibbey regop in sy karretjie voor sy kamerdeur as Lien hom kom haal.
- Hy het nie sy Bloubul-vlag of -pet by hom nie. Lien sê hy moet homself regruk.
- Sy gaan haal die vlag en die pet, want die Bulle speel teen die WP en hy moet sy goed by hom hê as hy wil geld maak.
- Lien stoot hom, maar sê hy moet self begin ry, want sy kan hom nie altyd kom haal nie.
- By die bedelhoekie parkeer sy Tibbey op die sypaadjie, maar naby genoeg aan die verkeer om te kan bedel.
- Aanvanklik bly hy roerloos sit. Toe 'n bleskopmannetjie in 'n groen Camry vrolik met hom grappies maak oor die rugbywedstryd, word Tibbey weer sy ou self.
- Tibbey waai sy vlag en skree vrolik terug. "Die WP se móér!"

**WOORDESKAT**

- regruk
- vlag
- pet
- stoot
- bedelhoekie
- parkeer
- sypaadjie
- verkeer
- bedel
- roerloos

- Die bleskop lag en ander motoriste blaas hul toeters entoesiasties oor Tibbey se kommentaar.
- Tibbey verdien baie geld. Lien is baie verlig en huil van blydskap. Hein se voorspelling het waar geword.
- Om elfuur gaan haal sy vir Tibbey vir teetyd, maar hy sê hy kan homself bestuur tot by die akasiaboom. Sy oë blink, maar hy is nie baie vriendelik nie.
- Roos werk nie die dag nie en Tibbey en Lien is alleen.
- Wanneer Lien dit die minste verwag, bedank Tibbey haar en sê *"You are a true friend,* Lien Djôste, *a real blerrie true friend."* ("Jy is 'n ware vriendin, Lien Djôste, 'n regte *blerrie* ware vriendin.")
- Wanneer Lien by Miemie se huis is, lê hulle langs die swembad en drink 'n baie lekker, vreemde konkoksie wat Roberta vir hulle gemaak het.
- Miemie vertel dat sy 'n tatoeëermerk op haar boud het wat haar as vrou bemagtig. Sy trek haar broekie op en wys die besempie vir Lien en sê dis *"cool"*.
- Roberta vra wat hulle wil eet en Miemie sê gemorskos: "iets *junkerig*, soos 'n hamburger." Haar ma is nie by die huis nie, nou kan sy alle reëls verbreek.



- **grappies**
- **waai**
- **vrolik**
- **kommentaar**
- **verdien**
- **verlig**
- **blydskap**
- **voorspelling**
- **verwag**
- **tatoeëer-merk**
- **bemagtig**
- **besempie**
- **gemorskos**
- **reëls**
- **verbreek**

## *CHAPTER 36: COOL, I WOULD SAY, ACTUALLY*

- *On Saturday morning Tibbey is sitting upright in his homemade cart in front of his room when Lien arrives to fetch him.*
- *He does not have his Blue Bull flag and cap with him.*
- *Lien fetches the flag and the cap since the Bulls are playing against Western Province, and he needs to show his support of the Bulls if he wants to make money.*
- *Lien pushes him along, but says he will have to learn to ride himself, because she can't always fetch him.*
- *At the corner she parks him on the pavement, close enough to the passing traffic so that he can beg.*
- *At first Tibbey is quiet and motionless. When a bold man in a green Camry jokes with him about the rugby match, Tibbey becomes himself again.*
- *He waves his flag and answers the driver cheerfully. The man laughs, and other motorists hoot enthusiastically in support of Tibbey's comments.*
- *Tibbey earns a lot of money. Lien is relieved and cries with happiness. Hein's prediction*

*has come true.*

- *At eleven o'clock she goes to Tibbey to take him for tea, but he says he can manage to get to the acacia tree by himself. His eyes are bright, but he is not over-friendly.*
- *Roos is not working that day and Tibbey and Lien are alone.*
- *When Lien least expects it, Tibbey expresses his appreciation and says 'You are a true friend, Lien Djôste, a real blerrie true friend.'*
- *When Lien visits Miemie, the girls lie beside the swimming pool and drink an exotic concoction prepared by Roberta.*
- *Miemie says that the tattoo on her bum empowers her as a woman. She pulls up her bikini bottom and shows it to Lien, saying it is cool.*
- *Roberta asks them what they'd like to eat and Miemie says they'd like some junk food - such as a burger. Her mom is not at home so she can break all the rules.*

## KONTEKSTUELE VRAE

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Watter dag van die week gaan haal Lien vir Tibbey?<br>____________________________________ | (1) |
| 2. | Lien sê: "*Jy moet jou goed by jou hê as jy wil geld maak.*"<br>Na watter goed vewys sy?<br>____________________________________ | (2) |
| 3. | Watter wedstryd vind daardie middag plaas?<br>____________________________________ | (1) |
| 4. | Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (4.1-4.4) en die antwoord neer.<br><br>**selfvertroue; staathoek; geld; verskil; twyfel**<br>Ten spyte van Lien se (4.1____________) oor Tibbey, het die karretjie 'n groot (4.2____________) in sy lewe gemaak. Mettertyd het sy (4.3____________) toegeneem. Hy word weer die "entertainer" van die (4.4____________) en die motoriste gee mildelik (4.5____________). | (5) |
| 5. | Kies die **KORREKTE** woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.1-5.3) en die antwoord neer.<br>Lien is so (5.1) (**verheug / gejuig**) dat die ou Tibbey wat sy (5.2) (**weet / ken**) terug is, dat sy in trane (5.3) (**huil / uitbars**).<br>____________________________________ | (3) |
| 6. | Tibbey sê: *"You are a true friend, Lieen Djôste, a real blerrie friend."*<br>Verduidelik waarom hierdie stelling **WAAR** is.<br>____________________________________<br>____________________________________ | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 7. | Watter karaktereienskappe van Lien kom in die hoofstuk na vore?<br>________________________________________ | (2) |
| 8. | Bespreek die titel van hierdie hoofstuk.<br>________________________________________<br>________________________________________ | (2) |
| 9. | Watter kontras is daar tussen die vorige Miemie en die Miemie wat ons in hierdie hoofstuk leer ken?<br>________________________________________<br>________________________________________ | (2) |
| | | **[19]** |

## HOOFSTUK 37: KOUE GOED IN GROOT GLASE

- Dis 'n winderige Septemberdag en Lien staan weer en bedel, maar sy voel nie lekker nie en wens sy kon huis toe gaan om na Norah Jones se musiek te luister.
- Sy moet bly, want die fonds is uitgeput ná Tibbey se karretjie en sy moet binne dertig dae weer huurgeld opdok.
- Sy hoop haar ma se pensioengeld word binnekort uitbetaal.
- 'n Rukwind pluk haar pruik van haar kop af en voor sy tot verhaal kan kom, waai die pruik tussen die karre in.
- Sy hardloop verbouereerd agterna en gryp die pruik onder die wit Jetta uit. Toe sy regop kom, kyk sy vas in "Kuifie" (Gerhard, die predikant). Hy is verbaas en wil weet wat op aarde sy daar doen.
- Lien loop vinnig straathoek toe en ignoreer hom. Die motors toet ongeduldig vir "Kuifie" wat nog steeds verbaas na haar kyk.
- 'n Paar minute later hou hy langs Lien stil en weier om weg te ry voor sy inklim.
- Lien besef sy het nie 'n keuse nie en klim in die motor. Op pad na sy huis vra hy haar of sy nie veronderstel is om in die skool te wees nie.
- By sy huis groet sy vrou, (Elna) "Valetjie", Lien vriendelik en hy wys heel trots vir Lien hul babaseuntjie.
- Hy bestel iets met baie ys in groot glase. Sy vrou bring die vrugtesap na die studeerkamer waar 'n warm, vriendelike atmosfeer heers.
- Hy sê vir Lien hy wil nie met haar baklei nie, maar hy is bekommerd omdat sy gedurende skooltyd bedel en sy is in matriek wat nie 'n grap is nie.
- Hy sê hy het nie besef dat dit so swaar met Lien-hulle gaan nie. Gerhard sê die kerk het geld vir mense wat swaarkry en sy moet 'n



**WOORDESKAT**

- fonds
- rukwind
- pruik
- verbouereerd
- verbaas
- ignoreer
- weier
- keuse
- veronderstel
- trots
- bekommerd
- baklei
- lysie
- kerkraad
- vaart
- beheerraad
- betaling
- skottelgoed

lysie maak van hul maandelikse uitgawes sodat hy dit aan die kerkraad kan gee.

- Gerhard neem Lien terug na haar woonstel. Hy vertrek met 'n vaart, maar maak skielik 'n U-draai en hou weer langs die sypaadjie stil.
- Hy vertel vir Lien dat die laerskool 'n musiekjuffrou soek as haar ma dalk belangstel. Hy dien op die beheerraad en is bereid om haar ma vir die pos aan te beveel.
- Hy ry weg en draai weer terug en vra of Lien dalk Vrydagaand die baba teen betaling kan oppas, sodat hy en sy vrou kan gaan fliek.
- In die woonstel sien sy die vuil skottelgoed, maar sy het nie lus om dit te was nie en gaan lê en luister na Norah.
- Sy raak onrustig aan die slaap en droom van haar ma en van hom (haar pa). Dis 'n deurmekaar droom waar sy, Roos en Miemie by 'n eetkamertafel sit en vis eet. Miemie sê dis *oukei* as Lien 'n prostituut wil wees, sy moet net na haar nek laat kyk.
- Lien skrik natgesweet wakker. Dis die eerste keer in meer as twee jaar dat sy haar pa "gesien" het. Sy onthou alles van haar pa.
- Sy bel vir Donovan en sê sy sal in die middae vir R40- per uur werk, maar Saterdae wil sy meer verdien en hy mag haar nie "Engel" noem nie.
- Hy moet dit eers met Dirkie bespreek en dan sal hy haar laat weet.
- Sy maak 'n lysie van al haar uitgawes (selfs die agterstallige Edgars-rekening) om vir "Kuifie" ( Gerhard) te gee.
- Sy maak aandete vir haar en Braam. Lien wonder wat van Braam gaan word.
- Drie-uur die nag skrik sy wakker. Lien is dors. Sy is verbaas as sy sien dat die televisie wat sy afgeskakel het, aan is.
- Braam sit voor die televisie met 'n boks video's langs hom.
- Die nuusleser Riaan Cruywagen berig oor twee prokureurs van Pretoria wat van die rol geskrap is en tot vier jaar gevangenisstraf vir bedrog gevonnis is. Hulle het miljoene rande se trustgeld verduister wat hulle met rente moet terugbetaal.
- Braam haal die video oor sy pa se vonnisoplegging uit en plaas 'n video waar hy en Lien nog klein is, in die videospeler.
- Hulle speel by die swembad terwyl hulle pa vleis braai. Braam staar lank na sy pa en Lien sluip stilletjies terug kamer toe.
- In hierdie hoofstuk word Lien, haar pa en Braam ontmasker.
    - ➢ Lien se geheim wat sy met niemand wou deel nie, word ontmasker wanneer Kuifie haar by haar bedelplek herken. Sy besef dat sy nie meer sal kan bedel nie.
    - ➢ Die leser ontdek waar Lien se pa is en hoekom Lien so kwaad vir hom is en leer ook dat dit Braam is wat na die tuisvideo's kyk.
    - ➢ Die leser verstaan nou wat in die verhaal gebeur.

**Woordeskat:**

- **droom**
- **prostituut**
- **natgesweet**
- **verdien**
- **bespreek**
- **lysie**
- **uitgawes**
- **agterstallige**
- **verbaas**
- **prokureurs**
- **geskrap**
- **gevangenis-straf**
- **gevonnis**
- **trustgeld**
- **verduister**
- **rente**
- **terugbetaal**
- **vonnis-oplegging**
- **sluip**
- **ontmasker**
- **herken**

- *It's a windy day in September and Lien is begging again, although she doesn't feel well. She wishes she could go home to listen to Norah Jones' music.*
- *She has to stay at her begging station since her funds are low after paying for Tibbey's cart. In thirty days time she needs to pay the rent.*
- *She hopes that her mother's pension money is paid out soon.*
- *A gust of wind blows her wig off, and before she knows it, the wig is lying amongst the cars.*
- *She's alarmed, and runs off to retrieve it from under a white Jetta. When she gets up, she sees Kuifie. He looks surprised and wants to know what on earth she's doing there.*
- *Lien walks off to the street corner ignoring him. Cars hoot at Kuifie who stares after her.*
- *A few minutes later he stops his car next to her, and refuses to leave until she gets into it.*
- *Lien has no choice but to get into the car. On the way to his house he asks her why she's not at school.*
- *Kuifie's wife greets Lien in a friendly manner. Kuifie proudly shows her their baby boy.*
- *He orders something with lots of ice in tall glasses, please. His wife brings fruit juice to the study. There's a warm and friendly atmosphere in the room.*
- *He tells Lien that he doesn't want to fight with her, but is concerned that she is begging during school hours. He says that writing matric is no joke.*
- *He says he wasn't aware that things were going so badly. He says that the church has money for people who are struggling, and that she must make a list of all their monthly expenses, so that he can approach the church council on her behalf.*
- *Gerhard (Kuifie) takes Lien back to her flat. He drives off, but then suddenly makes a u-turn and parks at the pavement.*
- *He tells Lien that the primary school is looking for a music teacher should her mother be interested. He is on the school's governing body and is prepared to recommend her.*
- *He drives away and then again he turns back, asking Lien if she would babysit on Friday night so that he and his wife can go to a movie.*
- *At home Lien looks at all the dirty dishes, but she doesn't feel like washing them so she lies down and listens to a Norah Jones CD.*
- *She is restless, but eventually falls asleep and dreams of her mother and her father. It's a confused dream. Roos, Miemie and herself are sitting at the dining room table eating fish. Miemie tells her it's okay to be a prostitute, but that she should check out her neck.*
- *Lien wakes up in a sweat. It's the first time in two years that she's 'seen' her dad. She remembers everything about him.*
- *She phones Donovan and says she would like to work in the afternoons for R40 per*

*hour, but on Saturdays she'd like to earn more than that. And he may not call her 'Angel'.*

- *Donovan says that he has to discuss her request with Dirkie first, and then he will get back to her.*
- *She makes a list of all her expenses (including the Edgar's account that's in arrears) to give to 'Kuifie'.*
- *She makes dinner for Braam and herself. Lien wonders what will become of Braam.*
- *At three o'clock that night she wakes up. She is thirsty. She is surprised to see that the TV is on.*
- *Braam is sitting in front of it with a box of videos beside him.*
- *The news reader, Riaan Cruywagen, is reporting that two Pretoria lawyers have been struck off the roll, and have been sentenced to four years imprisonment due to fraud. They have embezzled millions of rands from people's trust funds, and that this money must be repaid with interest.*
- *Braam removes the video of his dad's sentencing, and inserts one of Lien and himself, taken when they were small children. In the video, they are playing at the swimming pool, whilst their dad is busy with a braai. Braam stares at his dad's image for a long time, and Lien sneaks quietly back to her room.*
- *In this chapter the reader realises that the people in the video clips are Lien, her dad and Braam.*
  - *Lien's secret identity is uncovered when Kuifie recognises her at her begging spot. She will not be able to beg any longer.*
  - *The reader realises that Lien's father is in jail for fraud. This is the reason for Lien's anger.*
  - *The reader learns that Braam is the person watching the home videos.*



## KONTEKSTUELE VRAE

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Kies die **KORREKTE** antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.<br>In hierdie hoofstuk word Lien, haar pa en Braam (**ontmasker/ontnugter**).<br>________________________ | (1) |
| 2.1 | Noem **TWEE** simptome wat aandui dat Lien nie lekker voel nie.<br>________________________<br>________________________ | (2) |
| 2.2. | Hoekom kan Lien dit nie bekostig om by die huis te bly nie?<br>________________________ | (1) |

3.1 Wat het die Augustuswind veroorsaak?

______________________________________________ (1)

3.2 Wat was die gevolge van bogenoemde gebeurtenis vir Lien?

______________________________________________ (2)

4.1 Bespreek wat in die predikant se studeerkamer afgespeel het.

______________________________________________

______________________________________________ (3)

4.2 Hoe verskil die predikant se optrede van die reaksie wat Lien verwag het?

______________________________________________ (2)

5. Verduidelik die titel van hierdie hoofstuk.

______________________________________________

______________________________________________ (2)

6. Noem **TWEE** redes hoekom die predikant twee keer omdraai nadat hy Lien afgelaai het.

______________________________________________

______________________________________________ (2)

7. Lien se droom het haar ontstel.
Verduidelik waarom hierdie stelling (7) **WAAR** is.

______________________________________________ (1)

8. Kies elke keer die persoon uit KOLOM B wat by die bynaam uit KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (8.1-8.4) en die letter (A-E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 8.1 | Valetjie | A | Gerhard |
| 8.2 | Bulletjie | B | Donovan |
| 8.3 | Kuifie | C | Elna |
| 8.4 | Engel | D | Babatjie |
| | | E | Lien |

______________________________________________ (3)

9. Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (9.1-9.7) en die antwoord neer.

**woede; besef; geheimsinnige; kursiewe; ontdek; herken; erken; ontmasker**

Lien se geheim word (9.1____________) wanneer die predikant haar by haar bedelplek (9.2____________) en sy (9.3____________) haar bedeldae is verby. Dan (9.4____________) ons die rede vir Lien se pa se afwesigheid en Lien se (9.5____________) teenoor hom. Ons weet nou dat Braam die (9.6____________) persoon is wat na die video's kyk waarna in die (9.7____________) dele van die boek verwys word. (7)

| | | |
|---|---|---|
| 10.1 | Hoekom is daar nie meer sterretjies voor en na die kursiewe deel in hierdie hoofstuk nie?<br>____________________________________ | (2) |
| 10.2 | Hierdie video is 'n herhaling.<br>Stem jy saam met bogenoemde stelling? Motiveer.<br>____________________________________ | (1) |
| | | [30] |



## HOOFSTUK 38: DIE DING MET DIE KUIF

- Juffrou Breytenbach sê die jaarlikse toneelopvoering is om dankie te sê vir almal wat gehelp het.
- Die spysenieringsleerlinge sal vir die kos sorg, want dit is deel van hul praktiese studie.
- Die akteurs mag almal ses gaste nooi. Lien dink eers sy gaan niemand nooi nie, maar dan dink sy aan tannie Bets, Wouter, Braam en dalk nog ander.
- Lien is bly om terug te wees by *Creations*. Dirkie en Donovan behandel haar beter as voorheen. Sy voel nou deel van die span.
- Lien waardeer die aangename werksomgewing in die salon. Dis beter as om die uitlaatgasse op straat in te asem. Sy doen moeite om afsprake vir haar klasmaats te reël.
- Na die eerste week sê sy vir Dirkie sy is gereed vir haar gratis haarstyl met die kuif.
- Dis nou al 'n maand dat Lien nie meer bedel nie.
- Die bus is op pad na haar ou staanplek en sy sien die bekende dinge.
- Sy wonder of Roos haar sonder die pruik en brilletjie sal herken. Tibbey het die regte Lien in die hospitaal gesien.



- Toe sy afklim, vererg sy haar toe sy sien dat Johnny op haar plek staan en bedel. Al bedel sy nie meer nie, was dit haar plan B indien dit nie by *Creations* sou uitwerk nie.



Siyabulela & Selo

- Sy sien vir Tibbey en Roos onder die akasiaboom. Lien gaan sit by hulle op die gras en bied hulle tannie Bets se Hertzog-koekies aan.

**WOORDESKAT**

- toneel-opvoering
- spysenering
- spysenierings-leerlinge
- gaste
- behandel
- aangename
- uitlaatgasse
- afsprake
- gereed
- gratis
- haarstyl
- kuif

- Tibbey is bly om haar te sien, maar Roos gluur Lien woordeloos aan. Tibbey vertel van Sello se R250 000 wat hy met die Lotto gewen het en toe 'n huis in Mamelodi gekoop het.
- Nou staan Beatrice op Sello se hoek en Johnny wat 'n meisie het, staan op Lien se plek.
- Roos is kwaad vir Lien, want sy het verniet gesukkel om Johnny van Lien se hoek weg te hou. Lien vra om verskoning dat sy hulle nie laat weet het nie.
- Lien vertel van die komende eksamens en dat sy moet leer, want sy het nie te goed in die rekordeksamen gedoen nie.
- Tibbey vra Lien oor haar ma en sy vertel hom dat sy van die kliniek af terug is.
- Roos wil weet wanneer Lien terugkom. Sy sê sy weet nie, dis eind-eksamen en sy moet deurkom. Roos sê verwytend : "Tibbey, ons moet gaan werk. Anders as **party** mense, moet **party** mense werk!"
- Tibbey sê sy is reg en Saterdag speel die *Sharks* teen die *Bulls*. Hy swaai weg met sy karretjie en waai vir Lien met sy Bloubul-vlag.

- **vererg**
- **uitwerk**
- **gluur**
- **gesukkel**
- **om verskoning**
- **rekord-eksamen**
- **verwyt**
- **verwytend**
- **waai**

## *CHAPTER 38: THE THING WITH THE FRINGE*

- *Miss Breytenbach says the yearly performance of the play is a way of thanking all who have participated in it.*
- *The catering will be done by Catering learners. It serves as their practical exam.*
- *The actors are allowed to invite six guests each. Lien initially decides not to invite anybody, but then she thinks of Aunt Bets, Wouter and Braam . . . and maybe even some other people.*
- *Lien is happy to be back at Creations. Dirkie and Donovan treat her well, better than they did when she worked there previously. She now feels part of the team.*
- *Lien appreciates the pleasant work environment in the salon. It's so much better than inhaling all the fumes in the street. She organizes appointments at the salon for her class mates.*
- *After her first week back at the salon, she tells Dirkie that she is ready for her free hair cut with a fringe.*
- *It's a month since Lien gave up begging.*
- *The bus passes the street corner where she used to beg, and she sees familiar people and things.*
- *She wonders if Roos would recognize her. Tibbey met the real Lien in the hospital.*
- *When she gets off the bus she's upset to see Johnny standing at her corner. Although she isn't begging anymore, it remained plan B for her, should things not work out at the salon.*
- *Tibbey and Roos are sitting under the acacia tree. Lien joins them on the grass and offers them Aunt Bets' Herzog-biscuits.*

- *Tibbey is happy to see her, but Roos just stares at her without saying a word.*
- *Tibbey tells her about Sello who won R250 000 from the Lotto, and bought himself a house in Mamelodi.*
- *Now Beatrice has taken Sello's place and Johnny, who has a girlfriend, has taken Liens corner.*
- *Roos is angry with Lien because she worked hard to keep Johnny off Lien's corner. Lien apologises for not informing them that she was staying away for the moment.*
- *She talks about the forthcoming exams. She says she must study hard, since she didn't do too well during the trial exams.*
- *Tibbey asks after Lien's mother and she tells him that she is back at the clinic.*
- *Roos wants to know when Lien is coming back to her corner. Lien says she doesn't know, as the end of year exam is coming up, and she needs to pass. Roos says in a nasty way: 'Tibbey, we must get back to work. Unlike* ***some*** *people,* ***some*** *people have to work!'*
- *Tibbey says she is right, and on Saturday the Sharks are playing against the Bulls. He swings away in his cart and waves at Lien with his Blue Bull flag.*



## KONTEKSTUELE VRAE

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Wat behels die praktiese eksamen van die Hotel- en Spysenierings-leerlinge?<br>________________________________________ | (1) |
| 2.1 | Hoeveel gaste mag elke akteur nooi?<br>________________________________________ | (1) |
| 2.2 | Wie dink jy, het Lien oorweeg, om te nooi toe sy sê: "*Dalk... Nee, dit sal nie werk nie. Maar dalk...*"<br>________________________________________ | (1) |
| 3. | Beskryf die kontras tussen Lien se werk op straat en die werk by *Millenium Creations.*<br>________________________________________<br>________________________________________ | (2) |
| 4. | Hoe verskil Lien se optrede/houding by *Millennium Creations* met haar houding/optrede voorheen?<br>________________________________________<br>________________________________________ | (2) |
| 5. | Watter voordeel kry Lien omdat sy by die haarsalon werk?<br>________________________________________ | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 6. | Kies die **KORREKTE** betekenis van die woorde "**Sy strip haar...**" in die sin: "*Sy strip haar op die plek toe sy sien Johnny staan op haar hoek.*" Skryf net die vraagnommer en die letter (A-D) neer.<br>"Sy strip haar..." beteken<br>A Sy vloek vir Johnny<br>B Sy trek haar klere uit<br>C Sy vererg haar<br>D Sy verneder hom<br>________________ | (1) |
| 7.1 | Hoekom groet Lien vir Tibbey en Roos huiwerig onder die boom?<br>______________________________ | (1) |
| 7.2 | Hoe verskil Tibbey en Roos se reaksie teenoor Lien?<br>______________________________<br>______________________________ | (2) |
| 7.3 | Gee **TWEE** redes hoekom Roos ontsteld is.<br>______________________________<br>______________________________ | (2) |
| 7.4 | Hoekom bedel Sello nie meer nie?<br>______________________________<br>______________________________ | (2) |
| 8.<br>8.1 | Roos sê: "*Anders as **party** mense moet **party** mense werk.*"<br>Verduidelik na wie die "party mense" verwys.<br>______________________________<br>______________________________ | (2) |
| 8.2 | Watter emosie voel Roos as sy hierdie woorde uiter?<br>______________________________ | (1) |
| 9. | Hoekom is Tibbey daarvan oortuig dat hy *"a killing"* gaan maak?<br>______________________________ | (1) |
| | | **[20]** |



## HOOFSTUK 39: DIE BESOEK (1)

- Tannie Bets neem vir Lien na die kliniek. Lien skraap moed bymekaar om uit te klim.
- Tannie Bets wil nie saam ingaan nie en sê Lien en haar ma moet 'n bietjie alleen gesels.
- Lien lui die klokkie by die voorhek en dit gaan oop. Die tuine is goed versorg en daar sit mense op die stoep. Dit lyk alles heel normaal.
- Sy sê vir die ontvangsdame dat sy na haar ma, Christien Jooste, soek.
- Die vrou sê dis nie besoektyd nie, maar roep Lien se ma oor die interkom. Meneer Malherbe sê sy sit in die tuin en hy sal vir Lien gaan wys.

**WOORDESKAT**

- **skraap moed bymekaar**
- **klokkie**
- **ontvangs-dame**
- **besoektyd**

- Sy sien haar ma en 'n jong meisie op 'n bankie sit en gesels. Lien sê huiwerig "Ma?" en haar ma is verbaas en antwoord: "My kind".
- Sy stap nader en gee vir Lien 'n drukkie. Lien voel ongemaklik. Haar ma vertel dat die jong meisie ook vir behandeling daar is.
- Lien se ma wil weet hoe dit met Braam gaan. Lien sê hy is 'n *"survivor"* en het selfs 78% vir sy wiskundetoets gekry.
- Sy vertel haar ma dat Gerhard, die predikant en die kerk help en tannie Bets dra potte vol kos aan.
- Lien ignoreer haar ma se vraag toe sy vra hoe dit met haar gaan.
- Haar ma sê die eerste dag was die moeilikste en 'n mens het geen privaatheid nie en daar bestaan nie geheime in die kliniek nie.
- Daar vind groepsessies plaas en elke dag moet hulle die sielkundige spreek. Sy vertel van Harry die heler.



HARRY

- Lien se ma erken dat sy 'n vreeslike ma was en die wyn was haar "reddingsbaadjie".
- Harry sê sy moet haarself eers vergewe voordat sy kan verwag dat haar kinders haar moet vergewe.
- Lien vra haar ma of sy weer sal drink. 'n Wit skoenlapper gaan sit op haar ma se hand. Lien se ma is net so broos soos die skoenlapper en sy het in haar lewe seergekry. Die skoenlapper impliseer ook 'n nuwe fase in die lewe. Wanneer die skoenlapper uit die kokon (die papie-fase) loskom, is hy vry om te vlieg en sodoende begin 'n nuwe lewe. Dit kan dus 'n beter en mooier toekoms beteken.



- Lien se ma sê Harry sê 'n mens bly vir altyd 'n alkoholis, maar sy sal hard probeer om skoon te bly.
- Lien vra haar ma of hulle ooit hul Pa sal kan vergewe, maar sy antwoord nie.
- Haar ma gaan wys haar die kapelletjie en vertel dat hulle Bach se musiek daar speel. Dit herinner Lien aan 'n Eskimo-iglo.
- Lien vra haar ma hoekom sy nie meer klavier wil speel nie. Haar ma sê sy weet nie eintlik nie, maar dit is asof dit tot 'n lewe behoort wat verby is - "toe dinge nog mooi en goed en reg was".



- Lien sê haar ma moet terugkom huis toe en sy bedoel dit.
- Sy gee vir haar ma 'n toegedraaide CD van Chopin se klavierkonserte.

- **huiwerig**
- **verbaas**
- **ongemaklik**
- **behandeling**
- **predikant**
- **ignoreer**
- **sielkundige**
- **reddings-baadjie**
- **vergewe**
- **skoenlapper**
- **broos**
- **toekoms**
- **alkoholis**
- **kapelletjie**
- **klavier**
- **behoort**
- **bedoel**
- **klavier-konserte**

## CHAPTER 39: THE VISIT (1)

- Aunt Bets takes Lien to the clinic. Lien needs courage to get out of the car.
- Aunt Bets doesn't go in with her, as she feels that Lien and her mom need time alone together.
- Lien rings the bell at the front gate and it opens. The garden is well kept and people sit on the verandah. It looks a peaceful, ordinary place.
- Lien tells the receptionist that she has come to see her mother, Christien Jooste.
